# BRIEWE

*Geagte Redakteur*

*Geskiedenis as vak is vir my baie interessant, want die onderwyseres vertel ons van dinge waarvan ek nie geweet het en dis interessant om te weet wat mense in die verlede gedoen het en hoe hulle vandag optree. Dit gee 'n mens 'n goeie agtergrond oor landswye politiek en waar jy as Afrikaner vandaan kom.*

*Ek hou ook van die manier waarop dit aangebied word, want dit word soos 'n verhaal vertel wat maklik is om te onthou en 'n mens kan dit ook makliker begryp. Ek dink ook dit maak van jou 'n beter ingeligte mens en kan jou so help in jou loopbaan.*

*Magriet Venter*

*Hoërskool Ogies.*

* * *

*Geagte Redakteur*

*Graag wil ek my mening lug oor Geskiedenis as vak op skool.*

*Eerstens sien ek nie die nodigheid om Geskiedenis verpligtend tot standerd sewe te maak nie. Laat die leerlinge wat daarin belangstel dit neem — die ander kan 'n ander vak neem, seuns kan byvoorbeeld 'n ekstra L.O. periode neem. Ek is seker baie seuns sal meer daarvan hou as om te luister na feite oor Cavour en Garibaldi.*

*Tweedens is Geskiedenis as vak hoogs vervelig. Die arme leerlinge word toegegooi onder 'n hoop feite wat hulle uit die hoof moet leer — hulle vergeet dit in elk geval met verloop van tyd.*

*Derdens; is daar geen manier om die vak interessant te maak nie? Ons moes elke jaar duisende opsommings maak. Vanweë die verskriklike aantal feite en die feit dat daar ses ander vakke is om mee rekening te hou, moes my ma my soms tot laat in die nag help met die alewige opsommings!*

*Ek het geen nut daarin gesien om die vak op universiteit te neem nie en ek dink regtig daar behoort iets aan die saak gedoen te word.*

*Oud-skolier*

* * *

*Die volgende kort briefies is van leerlinge in standerd 6 ontvang van die Hoërskool Alberton. Ons nooi alle skole om hierdie voorbeeld te volg. — Red.*

## WAAROM EK VAN GESKIEDENIS HOU/NIE HOU NIE

**Naam:** HADDON NIEHAUS

Te veel datums, plekke en mense wat jy moet ken. Jy leer oor mense wat al lankal dood is. Wat het dit met ons te doen, wat help dit ons? Ek stel belang in die toekoms en nie in die verlede nie.

**Naam:** DEON BOTHA

My rede waarom ek nie van Geskiedenis hou is dis ingewikkeld. Ek verstaan dit nie mooi nie. Dis Grieks vir my.

**Naam:** HILARY HAMMOND

Geskiedenis is vir my lekker want die werk is meestal in paragrawe ingedeel en dit is maklik om te leer en te onthou. Dit is ook interessant om van die verlede te leer. Dis jammer net vir die baie datums.

**Naam:** RENZKE SLABBER

Dit is anders as Aardrykskunde se alewige kaarte en lekkerder as Wetenskap en Biologie. Dit is ook die vak waarin ek die beste vaar. Die onderwyseres maak dit interessant en dit is interessant omdat dit handel oor my voorvaders.

**Naam:** NICOLENE NORTJE

Ek hou van Geskiedenis, want ek hou van stories en Geskiedenis is ook 'n storie. Dis baie interessant en dis lekker om te weet van iemand se Geskiedenis.

**NAAM:** DEBBIE JANSEN VAN VUUREN

Ek hou nie van Geskiedenis nie, omdat dit alles gaan omtrent die verlede en oor mense waarvan 'n mens nog nooit eens gehoor het nie en ook dat hulle oorsee se Geskiedenis het vir St. 6 vir die eerste deel. Ek hou meer van ons eie land se Geskiedenis later die jaar. Oorsee se Geskiedenis is oninteressant.

**Naam:** CHARMAINE KRUGER

Ek hou nie van Geskiedenis nie, want ek stel belang in die dinge wat voorlê en nie wat reeds gebeur het nie. Geskiedenis is ook oninteressant teen die ander byvakke. Ek stel tog belang in die regte verhaal van ons land en mense, maar ons Geskiedenis oor Italië is nie interessant nie.

**Naam:** CHRIS VORSTER

Ek hou van Geskiedenis omdat dit so uitdagend is bv. die verskillende datums. Ek hou daarvan om van ons land se Geskiedenis te leer.

**Naam:** MAGRIETA JACOBSOHN

Ek hou daarvan omdat dit ons vertel wie ons is en waar ons vandaan kom. En dit vertel ons die Geskiedenis van ons voorouers wat uit Europa getrek het, en hier kom saamelewe het.